Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Datum gelewer: 2004-12-17

In die hersieningsaak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**FRANS HENDRY LOUW**

Hooggeregshof verw nr. 589/04

Landdros saaknr. : C1721/04

**NEVILLE LUBBE**

Hooggeregshof verw nr. 588/04

Landdros saaknr. : C1606/04

Coram: OLIVIER R

# UITSPRAAK OP HERSIENING

**OLIVIER R.**

1. Beide die bogemelde sake is voorgelÍ vir die doeleindes van spesiale hersiening nadat die betrokke beskuldigdes in elk van die gevalle gevonnis is tot 3 maande gevangenisstraf wat in die geheel voorwaardelik opgeskort is vir 'n periode van 3 jaar.

2. In elk van die twee gevalle het die landdros, nadat die beskuldigde skuldig gepleit het op die betrokke aanklag, gebruik gemaak van die bepalings van artikel 112(1)(a) van die Strafproseswet, nr. 51 van 1977 ("*die Wet*"), en gevolglik die betrokke beskuldigdes telkens skuldig bevind sonder ondervraging en toe gevonnis.

3. In die lig daarvan dat beide die vonnisse van opgeskorte gevangenisstraf opgelÍ is sonder om aan die betrokke beskuldigde ‘n keuse van ‘n boete te gee, kan geen ander afleiding gemaak word nie as dat die landdros van oordeel moes gewees het dat, indien die opskortingsvoorwaardes verbreek sou word, die ten laste gelegde misdrywe “*gevangenisstraf ... sonder die keuse van ‘n boete*” geregverdig het. Die landdros was nie onder sodanige omstandighede geregtig om die bepalings van artikel 112(1)(a) van die Wet te gebruik nie [sien **S v Mangwegape en Andere** 1979(3) SA 1210 (O) en **S v Daniels** 1991(2) SASV 449 (K)].

4. In die lig hiervan sal die skuldigbevindings en vonnisse in beide die gevalle ongelukkig tersyde gestel moet word. Terloops kan daarop gewys word dat, in die geval van

**Louw**, dit ook geblyk het dat die aanklaer, nadat die beskuldigde op die hoofaanklag onskuldig gepleit het, te kenne gegee het dat die hoofaanklag teruggetrek word; dit nogal op die uitnodiging van die landdros. Dit sou natuurlik nie vir die aanklaer moontlik gewees het om 'n aanklag terug te trek nadat die beskuldigde daarop gepleit het nie.

5. Hoe dit ookal sy, die volgende bevel word dan ten aansien van die bogemelde sake gemaak:

**In beide die bogemelde sake word die skuldigbevindings en vonnisse tersyde gestel.**

____________

**CJ OLIVIER**

**REGTER**